

# WAAROM ?

**Op aarde sê hulle:**
**"Deur siekte verhinder."**
**In die hemel sê hulle:**
**"Geroep tot stilte."**

**WAAROM HET HIERDIE SIEKTE OOR MY GEKOM?**
Dit is die vraag wat so dikwels gestel word wanneer siekte kom, of wanneer daar ‘n ongeluk is of moeilikhede kom.

**1. GOD SÊ, “WEES STIL EN WEET DAT EK GOD IS.”**
In die bedrywighede van ons besige lewens gee ons God skaars die geleentheid om met ons te praat. Ons lewens word so “vol” dat ons God buite laat. In ‘n uur van eensaamheid en moeilikheid het God met Jakob gepraat. Hy sê toe hy opstaan, “Waarlik God is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.” In die plek van versoekings en lyding is God teenwoordig om met ons te praat.

**2. SIEKTE MAG GOD SE TUGTIGING WEES VIR ONS**
Die Psalmis het gesê, **VOORDAT EK VERDRUK WAS, HET EK GEDWAAL, MAAR NOU ONDERHOU EK U WOORD.”** “Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie ‘n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later egter lewer dit ‘n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.” (Heb. 12:11). So word ons vertel “Ag dit louter vreugde my broeders wanneer julle in allerhande versoekinge (of moeilikhede) val.” Jak. 1:2. “Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus moet julle bly wees, sodat julle ook in die openbaring van Sy heerlikheid met blydskap kan jubel.” 1 Pet. 4:12,13.

**3. SIEKTE VERSKAF ‘N GELEENTHEID OM GOD OP DIE PROEF TE STEL**
Toe die dissipels van Jesus gevra het oor die blindheid van ‘n man, “Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers?” Het Jesus geantwoord, “Hy het nie gesondig nie en sy ouers ook nie, maar die werke van God moet in hom openbaar word.” Joh. 9:2,3. Daarom gee hierdie siekte of versoeking ‘n geleentheid om te bewys hoedat God gebed antwoord.

**4. AL GOD SE BELOFTES IS WAAR.** Ons kan naby God deur gebed kom. Hy is ons Helper en Vriend. Hy hoor ons geroep en is altyd gereed om ons te help. Al wat Hy vra is dat ons moet GLO. Alles is moontlik vir hom wat glo.

**WAT DAN IS GOD SE WIL VIR MY IN HIERDIE SIEKTE ?**



## 1. MAAK SEKER VAN 'N REGTE VERWANTSKAP MET GOD

Bly en doen afstand van die sonde. "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Joh. 1:9.

***Daar is vrede met God*** om te weet dat ons sondes vergewe is. "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God." Rom. 5:1.

***Daar is rus vir die gewete*** "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.: Matt. 11:28.

## 2. JY KAN IN DIE UUR VAN NOOD TOT GOD BID

Hy sê, "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy moet My eer." Ps. 50:15.

"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Heb. 4:16.

## 3. JY KAAN STAAN OP GOD SE ONFEILBARE BELOFTES

Hy het gesê, "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie." Heb. 13:5.

"Wees nie bevrees nie want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne. As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Jes. 43:1,2.

"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom." Ps. 34:20.

"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer." Ps. 37:5.

"U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U." Jes. 26:3.

## 4. DIT IS ONS VERTROUE:

**"My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My; en Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie." Joh. 10:27,28**

**"Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie ...... Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my." Ps. 23:1,4**



## KAN EK GOD VRA OM MY TE GENEES?

## DIE BYBEL MOEDIG ONS AAN OM VIR GENESING TE VRA

"God het aan Israel gesê, "Ek is die Here wat jou gesond maak." Exod. 15:26

"Wat al jou ongeregtigheid vergewe wat al jou krankhede genees." Ps. 103:3

**DIE BEDIENING VAN JESUS HET GOD'S WIL OM TE GENEES GETOON**

"God het Jesus gesalf met die Heilige Gees en met krag; Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was." Han. 10:38. Lees ook Matt. 4:23,24; Matt. 8:16,17; 9:35; 11:5; 15:30,31; Lukas 10:9.


**DIE LYDING EN AFSTERWE VAN CHRISTUS HET VOORSIEN VIR DIE GENESING VAN DIE MENS SE SIEKTES**

"Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Jes. 53:5

"En Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra." Matt. 8:16,17

Sy wederopstanding beteken dat Hy 'n Lewende Heiland is wat by magte is om met Sy bediening van genesing voort te gaan. "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Heb. 13:8

"Jesus Christus maak jou gesond." Han. 9:34. Lees ook Han. 3:16; Han. 5:16




Genesing deur Jesus se lewe

Genesing deur Jesus se afsterwe

**VREES NIE GLO NET**



**"ALLES IS MOONTLIK VIR HOM WAT GLO."**

---

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan: EMAIL: info@angp.co.za

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**
('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)
(Reg. No. 1961/001798/08)